# 203 Ja ek is ‘n Christen




Die Seun van my Vader het my kom verlos
in kruisoffer-liefde so groot.
Gedagtig die prys want dit het Hom gekos
bly ek Hom getrou tot die dood.
Die Seun is my Broeder, my Voorbeeld en Krag,
Hy lei my die hemelhuis in.
Ek sal Hom bly navolg, in liefd’ en ontsag:
my tuiste is God se gesin!

Kom Gees van die Vader en Christus tesaam,
verlig ons verstand, maak ons sterk.
Vermeerder ons wilskrag, en maak ons bekwaam
tot diens aan mekaar in Gods Kerk.
Bevrug ons geloof met u liefde en hoop,
so sal ons die wêreld oorwin;
verbind in een Liggaam, geroep in een Doop:
ons tuiste is God se gesin!

Teks en melodie: D. Lansen Woord en Sakrament nr. 17